Serengeti ... waar drome waar kan word

'n Belangrike lewensles van vroeg in my lewe af is dat 'n mens nooit moet ophou droom nie. Drome mag dalk waar word en dit is byna dieselfde as om doelwitte in jou lewe te stel ... dit gee rigting en hoop. Een van my drome het onlangs waar geword met 'n geleentheid om die Serengeti Nasionale Park in Tanzanië te besoek.

Gerhard Nortjé
SUBTROP

Vir baie Suid-Afrikaanse seuns is dit 'n hartewens om eendag met 'n 4×4 Oos-Afrika toe en terug te ry. My geleentheid het wel gekom, nie deur self soontoe te ry nie, maar deur die Serengeti met 'n vliegtuig te besoek. Die vliegroete sluit drie vlugte in: die eerste been is van Johannesburg tot in Nairobi, Kenia. Die tweede vlug is van Nairobi tot by Kilimanjaro Internasionaal. Van hier af is dit padlangs 'n uur se ry tot in Arusha en van daar die derde vlug met 'n baie klein vliegtuig tot op die Seronera-landingstrook in die middel van die Serengeti se sentrale gebied.

Alles wat 'n mens van die Serengeti gelees en gesien het, is waar. Dit is die Krugerwildtuin, net op 'n baie groter skaal, sonder heinings en telefoondrade. Om letterlik honderde duisende

Die koning van die diereryk in die Serengeti.

Wildebeeste op die Serengeti-vlaktes.

Agteruitgang van grond- en plantegroei as gevolg van oorbeweiding deur die Masai-bevolking se beeste.

Buitelandse toeriste geniet die oorvloed wild.

Kameelperde poseer vir fotograwe.

wildebeeste op ‘n wildrit van drie ure te sien is die werklikheid.

Die groot eko-toersimemaatskappy, AndBeyond, het my genooi. Die doel was drieledig: 1) Om raad te gee oor volhoubare bestuur in AndBeyond se konsessiegebied binne die Serengeti – meer spesifiek paaie en veldry; 2) om relevante proewe met betrekking tot die rehabilitasie van gedegradeerde grond en plantegroei te inisieer; en natuurlik vakansie en wildkyk.

Die geleentheid was ‘n baie groot voorreg, aangesien dit baie duur is om die Serengeti te besoek. Die hele Park is natuurlik propvol buitelandse toeriste van ander wêrelddele, wat dit baie makliker kan bekostig. My volgende besoek is in Januarie 2015 om met proefnemings te begin. Die proewe sluit in die toediening van ‘n chemiese middel, PAM (Polyacrylamide), aan die grond om te sien of grondvorming reggestel kan word en die erosieproses omgekeer kan word. Proefnemings met avokado’s en makadamias word ook beplan. ST

TLB FOR HIRE

FREE DELIVERY & COLLECTION LOCALLY - SPECIAL RATES FOR EXTENDED PERIODS
CONTACT : MOHAMMED 083 4417625 / ABBAS 081 805 2611 E-MAIL : mym@mweb.co.za